VERTALING VAN DIE BEGRIP "DIKAIOSOENEI": Die begrip "Vryspraak" in die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) kan nie die geloofsinhoud van die begrip "Regverdigmaking" in die Bybel weergee nie.

Voorstel aan die Sinode van Noord Transvaal deur ds. PJ Kriel en besluit van sinode van Noord Transvaal 1993

1. Voorstel: Die Sinode versoek die Algemene sinode om deur die verantwoordelike kommissie/s ondersoek te doen na die vertaling van die begrip "dikaiosoenei" met vryspraak in plaas van geregtigheid in die NAV.

2. Besluit: Die sinode het begrip vir die problematiek wat hier aangeroer word en verwys die beskrywingspunt met die motivering na die NAV van die Bybelgenootskap van Suid- Afrika.

3. Motivering van die beskrywingspunt

3.1. Die term "Vryspraak" ontsluit nie die rykdom van die geloofsinhoude wat in die Oorspronklike Griekse begrip vervat is nie.

3.2. "Vryspraak" dui slegs op die feit dat ek op grond van Christus se voldoening (betaling van straf word nou eerder veronderstel met die vertaling "Vryspraak") nie gestraf word nie.

3.3. Die waarheid dat ons deel in die geregtigheid van Jesus Christus kom glad nie meer na vore in die vertaling "Vryspraak" nie. Die diepte van die waarheid dat ek deur God as regverdig voor die Wet gereken word, het heeltemal verlore gegaan.

3.4. Ons is geregverdig omdat ons DEEL IN sy geregtigheid wat Hy is en het. Ons kan NIE DEEL in sy vryspraak nie, want Hy is juis nie vrygespreek nie – maar veroordeel in ons plek sodat ons nooit veroordeel sal word nie (Rom. 8:1). Ons deel eerder in sy oordeel as vryspraak waaruit ons die vryspraak as vrug ontvang.

3.5. Die waarheid van ons eenheid met Christus soos Paulus dit doen met uitdrukkings ons is "in Christus" het heeltemal verlore en ontoeganklik vir die leser geword as gevolg van die begrip "Vryspraak" in plaas van "Regverdigmaking"

3.6. As regverdige is ek "in Christus" verbind tot 'n regverdige lewe. Die begrip "Vryspraak" hierteenoor veronderstel geen noodwendige verbondenheid aan 'n lewe volgens die Wet nie. "Geregverdig" het die betekenis wel in homself opgesluit.

Daar is soos volg oor hierdie saak op die Sinode van 1997 gerapporteer. "Die kommissie het Nuwe Testamentici hieroor geraadpleeg. Die navorsingseenheid vir Nuwe Testamentiese Teologie beoog om tydens 'n vergadering die gebruik van *dikaiosune* in die Bybelvertaling te bespreek. Intussen het die onderstaande bevinding voor die kommissie gedien.

1.8.3 Bevinding

Die betrokke beskrywingspunt handel nie oor al die voorkomste van *dikaiosune* in die Nuwe Testament nie, maar oor daardie gevalle waar dit gaan oor Gods genadewerk in die Christen

se lewe waardeur hy van ’n skuldige sondaar tot ’n geregverdigde word. Die motivering vir die beskrywingspunt stel die “in Christuswees” van gelowiges in die fokus. Hiermee is ’n uiters belangrike Bybelse en ook Gereformeerde waarheid op die tafel geplaas. Wanneer ons egter die regverdigingsuitsprake van Paulus nagaan, blyk dit dat die fokus in hierdie spesifieke uitsprake nie val op die gelowige se “in Christuswees” nie, maar op die genadehandeling van God wat aan die mens geskied as gevolg waarvan hy “in Christus word”. Hier word dus by Paulus normaalweg nie in terme van partisipasiekategorieë gepraat nie, maar in handelingskategorieë en wel binne die forensiese kader. Daarom word die *dikaiosune (theou)* van Romeine in Protestantse kringe eerder as ’n gebeure woord of nomen actiones verstaan: “God spreek vry/ verklaar regverdig. Hierdie handelingskarakter blyk ook uit die feit dat die werkwoord *dikaoó* so dikwels in hierdie verband gebruik word (Rom.3:20, 24, 26, 28, 30; 4:5; 5:1 ens.) Hierdie gevalle van *dikaiosuné* of *dikaioó* word dus in die Nuwe Afrikaanse Bybel heel tereg met “vryspraak” vertaal. Hierdie vertaling laat enersyds die feit van ’n genadige Goddelike handeling tot sy reg kom, andersyds ook die juridiese kader waarbinne hierdie pragtige metafoor funksioneer. Die vertaling” geregtigheid” laat aan die een kant die soewereine handelingskarakter van die term verdwyn, andersyds tree sy forensiese karakter enigsins op die agtergrond.”

Op hierdie saak het ds. Kriel as volg reageer.

ENKELE OPMERKINGS T.O.V. VOORLEGGING I.S. VERTALING VAN DIKAIOSUNÉ

1. Die beperking van die beskrywingspunt as sou dit net gaan oor “Gods genadewerk in die Christen se lewe waardeur hy van ’n skuldige sondaar tot ’n regverdige word.” is nie korrek nie. Daar is teksgedeeltes wat nie handel oor hoe ’n skuldige sondaar tot ’n regverdige word nie, waar die begrippe ook van toepassing is: Rom. 2:13 wat handel oor die onderskeid tussen hoor en doen van die Wet, nie oor hoe om as skuldige sondaar regverdig te word nie; Rom 9:31 wat handel oor die karakter van die Tien Gebooie; Jak. 2:21 waarin Abraham tog nie verander van ’n sondaar na ’n regverdige nie, maar dit gaan oor die wyse waarop gelowiges lewe; Fil.3: 6 waar dit gaan oor om aan die eise van die Wet te voldoen as regverdige en nie oor ’n skuldige sondaar wat geregverdig wil word nie. 1 Kor. 4:4 wat handel oor die selfregverdiging van Paulus se bediening en nie oor ’n sondaar wat “vrygespreek” moet word nie.

2. Dat vryspraak / regverdigmaking ’n genadehandeling sou wees op grond waarvan ’n mens “in Christus” sou word, is nie te versoen met teksgedeeltes wat juis die teendeel bevestig nie:

   1 Kor. 1: 30: *“Aan God is dit te danke dat julle met Christus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing.”*

   2 Kor. 5: 21: *“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel, sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.”*

   Die stelling dat vryspraak/ regverdiging die handeling sou wees waardeur ’n mens “in Christus” sou word, is presies die teenoorgestelde as wat hierdie tekste, wat ook regverdigingsuitsprake van Paulus is, konstateer: die regverdiging is die status wat verkry word deur die genadehandeling om met Christus verenig te word.

3. Die stelling dat die vertaling “geregtigheid”:

a die soewereine handelingskarakter van God in die begrip dikaiosuné sou laat verdwyn;
b die forensiese karakter op die agtergrond laat tree;

is ’n stelling wat geen gronde het nie. Dit het ook geen verband met die vorige twee kritiekpunte in die beskrywing nie. Hoe kan die vertaling “God regverdig”, “regverdigmaking”, “God laat reg geskied aan”, ’n mindere soewereine handelingskarakter hê as “God spreek vry” of “vryspraak”?

4. Dat die vertaling “God regverdig”, “God verklaar regverdig”, “God laat reg geskied aan” e.a. ’n mindere forensiese karakter sou dra, gaan ook nie op nie. Dit blyk uit die feit dat daar ’n baie spesifieke woord in die Grieks bestaan vir die Afrikaanse woord en begrippe kompleks van “vryspreek”/ "Vryspraak”, nl. apoluó. Sou dikaioó die forensiese betekenis en soewereine handelingskarakter van God se genadehandeling laat verdwyn het, sou Paulus gekies het vir die term en begrip wat dieselfde gevoelswaarde het as die Afrikaanse woord “Vryspreek” en dit is apoluó. Hy doen dit nie. Hy kies vir juis die begrip regverdiging as juridiese begrip.

5. Die omgekeerde is nog meer waar. Nie in die Attiese, Doriese of Ioniese Grieks kan die werkwoord dikaioó verbind word met die betekenis van ’n vryspraak in die sin van ’n hofuitspraak of ’n geregtelike uitspraak wat iemand vryspreek nie. Die ironie is juis dat by die Griekse geskied skrywer Thucydides (460 v.C.- 400 v.c.) hierdie werkwoord gebruik word in die geregtelike betekenis van “veroordeel”. Dit hang saam met die woordbetekenisse van “om reg te laat geskied”, “om te beoordeel” en dan juis daarom “om te veroordeel”.

   Dat hierdie begrip skielik in die Koiné Grieks ’n betekenis verandering sou kon ondergaan wat van “veroordeel” verander het na “vryspreek” is nie waar nie. Daar is nie buite die gebruik van Paulus, wat dan hierdie betekenis daaraan sou kon heg volgens die vertaling “vryspraak”, enige so plek ’n te vinde in woordeboeke nie.

6. Die werkwoord dikaioó in die Bybel hang ten nouste saam met die selfstandige naamwoord dikaiosuné, byvoeglike naamwoord dikaios en die bywoord dikaiós. Met hierdie begrippe gee Paulus dieselfde saak weer: wie geregverdig is, is ’n regverdige.

   As die werkwoord forensies “vryspreek” vertaal moet word, dan moet die selfstandige naam woorde, bywoorde en byvoeglike naamwoorde wat ten nouste saamhang met die forensiese betekenis ook vertaal word om hierdie forensie-begrip te kommunikeer.

   In die Attiese, Doriese en Ioniese Grieks is dit onmoontlik om hierdie woorde te vertaal met vrygespreekte of vryspreeklik. Die hele Griekse begrip gaan juis oor iemand wat reg en regverdig is: iemand wat bo enige vorm van skuld en enige vorm van aanklag verhewe is. Dit gaan juis oor die lewenswyse en karakter wat ’n mens bo enige vryspraak situasie verhef. Dieselfde geld vir koiné Grieks: daar is geen moontlikheid om hierdie selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde of bywoorde met die begrippe “vrygespreekte” of “vryspreeklik” te vertaal nie.

   Dit gaan hier oor die begrippe: reg, regverdiglik, regverdig, opreg, juis, korrek, presies, juis, werklik, billik, redelik, en wetlik.

   Al hierdie begrippe veronderstel juis dat daar nie rede of iets is vir aanklagte, verhore, veroordelings of geregtelike prosesse nie.

Die naaste wat ’n mens kan kom aan selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde of bywoorde wat pas by die Afrikaanse begrip van “vryspraak” of “vrygespreek” is êleutheros: vry of vryheid. Die vertalers kon nie hierdie begrip gebruik vir dikaios nie. Hulle moes kies vir ’n reeks begrippe en woorde wat geen forensiese betekenis kan kommunikeer nie, ’n selfstandige naamwoord bloot werkwoordelik vertaal of noodgedwonge by die begrip regverdig bly. Dit kan nie so vertaal word nie.

Vgl. 1 Tim.1 :9 wetsgehoorsaam, Rom.1:17 “Regverdige” word vertaal “wat vrygespreek is”, “wat hulle verdien” Rom.3:8, Regverdiges word “wat vrygespreek word. Rom. 5:8 kon nie die begrip vryspraak enigsins hanteer nie.

Sou die forensiese aard van dikaioó die vertaling “vryspreek” noodsaak, dan moet die forensiese betekenis van dikaois en dikaiosuné met vry en vryheid vertaal kan word. Dit is die geregtelike status van iemand wat vrygespreek is. Vryspraak kan nooit die geregtelike of forensiese status van “regverdig”, “opreg”, en “geregverdig” toebedeel nie: ’n Mens word van skuld of klagtes vrygespreek. ’n Mens word nie deur hof of geregtelike uitsprake regverdig gemaak nie. ’n Mens kan ook nie van reg en regverdigheid vrygespreek word nie.

Dit is dus duidelik dat niks in die forensiese aard van dikaiosuné die vertaling “vryspraak” of “vryspreek” benodig nie. Sou dit so gewees het, moes Paulus die Griekse woord wat presies die Afrikaanse woord se forensiese en gevoelswaarde weergee, gebruik het, en dit is apoluó.

Die onhoudbaarheid daarvan om die forensiese aard van die regverdigmaking met “vryspraak” te probeer weergee blyk uit die feit dat dikaios wat ewe-eens ’n juridiese karakter het, nie met die begrippe vryheid, vry, vrygespreekte of vrygemaakte weergegee kan word nie.

7. Hierdie onhoudbaarheid om regverdiging en geregverdig met "vryspreek ” te vertaal wys duidelik uit vertalings van die Griekse Bybeltekste wat gewoon net verkeerd is.

- Rom. 2: 13
  “[13] Nie dié wat die Wet hoor, word deur God vrygespreek nie, maar dié wat doen wat die Wet sê, sal vrygespreek word.”
  Mense wat die Wet doen, word nie vrygespreek nie, want mense wat reg doen kan gewoon net nie aangekla word nie, wat nog van vrygespreek.

- Rom. 3:20
  “[20] Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die Wet leer ’n mens wat sonde is. [21] Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die Wet en die profete getuig, in werking getree.”
  God spreek nie mense vry wat die Wet onderhou nie. Mense wat die Wet onderhou is reg en dit het niks met vryspraak te doen nie.

- Rom. 9:31
  “[31] Israel, daarenteen, het ’n wet gesoek waardeur hulle God se vryspraak sou kon kry, maar by so ’n wet het hulle nie uitgekom nie.”
  Die Jode het nie ’n wet gesoek waardeur hulle vrygespreek kan word nie. Dit is ’n innerlike teenstrydigheid. Hulle het ’n wet gesoek waardeur hulle reg kon wees. Mense wat reg is, soek nie vryspraak nie.

- Rom. 10:3, 4 & 5

  "[3] Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry. [4] Christus is tog die einde van die Wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word. [5] Moses skryf naamlik van die vryspraak op grond van wetsonderhouding dat die mens wat doen wat die Wet beveel, daardeur sal lewe."

  Vers 5 maak geen sin nie. Mens kry nie vryspraak deur wetsonderhouding nie. Die mens wat doen wat die Wet sê, is reg en leef reg. Vers 3 is gewoon net verkeerd: Jode soek 'n ander manier van reg wees voor god, die Wet. Hulle soek nie vryspraak van God nie.

8. Hierdie is nie 'n taalkundige onhoudbaarheid in terme van semantiek of sintaksis nie. Dit is teologies nie houdbaar nie. Die hele Nuwe Testament. Verkondig 'n nuwe wyse om aan die eise van die Wet te voldoen. Die geloofsprobleem is nie in die N. T. soseer om onskuldig verklaar te word nie, maar om aan die eis van die Tien Gebooie te voldoen. Iemand wat geregverdig is, is iemand wat aan die eis van die Wet voldoen: reg en geregtigheid. Die eis van die Wet is nie om vrygespreek te word nie. Die Wet kan nie so 'n eis aan 'n mens stel nie. Die Wet stel die dwingende voorwaarde van geregtigheid, nie onskuld nie, anders is en word jy veroordeel. 'n Vrygespreekte mens is nog geen persoon wat regverdig staan voor die Wet nie.

   Paulus wil juis deur sy hele argument wys dat ons aan die eis van die reg van die Wet voldoen - deur geloof en nie deur die eis van geregtigheid deur wetsgehoorsaamheid te doen nie.

   Hierdie betekenis is nie verhelder of beter verduidelik in die begrip "Vryspraak" nie. Dit het verval. Daarom is die botsings van betekenisse in Rom. 1:17, 2:13, 3:20, Rom.10:1-4 nie maar semantiese alternatiewe nie. Dit vertaal op grond van 'n ander grondmotief as Paulus se eie saak:

   Dit het die saak oor hoe aan die eise van die Wet voldoen moet word, vervang met die wyse hoe om voor die Wet onskuldig te word.

Ds. P J Kriel